

Dinsdag 7 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 14

Fokusgedeelte: Openbaring
14:4, 5

In die hemel volg ons die Here in volle gehoorsaamheid

Die 144 000 verseëldes doen in die hemel presies wat hulle op die aarde ook gedoen het! Op die aarde het hulle alles wat aards en wêrelds was, versaak om die Here se wil gehoorsaam te wees – hulle het die Here dus ten volle gevolg. In die hemel doen hulle presies dieselfde: hulle volg die Lam waar Hy ook al gaan! Op die aarde was hulle rein. In die hemel is hulle voltyds deel van die erestoet. Op die aarde is hulle gekoop uit die mensdom. In die hemel is hulle die eersteling van die oes genoem. Vergelyk daarvoor die volgende:

- Eersteling van die oes: ... *verder die fees van die oes, van die eersteling van jou werk, van wat jy op die land saai; en ook die fees van die insameling aan die einde van die jaar as jy jou werk uit die land insamel* (Eks. 23:16, 1953-vertaling).
- Eersteling van mense: *Die offer uit jou volle opbrings en jou parskuip mag jy nie terughou nie. Die eersgeborene van jou seuns moet jy aan My gee* (Eks. 22:29, 1953-vertaling).

Die Here Jesus word die Eersteling genoem (in verband met die opstanding!): *Maar nou, Christus is opgewek uit die dode; Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het. Want aangesien die dood deur 'n mens is, is die opstanding van die dode ook deur 'n mens. Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word; maar elkeen in sy eie orde: as eersteling Christus, daarna die wat aan Christus behoort by sy koms* (1 Kor. 15:20-23, 1953-vertaling).

Die uitstorting van die Heilige Gees sluit hierby aan! Die eerste bekeerdes (eerste Christelike gemeente) is die eerstelingbrode wat na die tempel toe gebring is! Let wel: Hierdie mense was nie tydens hulle aardse lewe sondeloos nie! Die bloed van die Lam wat hulle vrygekoop het, maak hulle rein van hulle sondes. *En ek sê vir hom: My heer, u weet dit. En hy sê vir my: Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hulle klere gewas en hulle klere wit gemaak in die bloed van die Lam. Daarom is hulle voor die troon van God en dien Hom dag en nag in sy tempel; en Hy wat op die troon sit, sal sy tent oor hulle oopspan* (Op. 7:14, 15, 1953-vertaling).

Op die aarde het hulle net die Here van harte gedien en opreg – sonder sielsverdeeldheid (nie met een voet agter die Here aan en met die ander voet agter ander dinge aan nie!). Vergelyk hiervoor: *Reine en onbesmette godsdienst voor God en die Vader is dít: om wese en weduwees in hulle verdrukking te besoek en jouself vlekkeloos te bewaar van die wêreld* (Jak. 1:27, 1953-vertaling).

Sing: Skrifberyming 5-3:4, 5

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)